

412

INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-12

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: DR LA SCHREIBER



**DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS**

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the foregoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

CASE NUMBER : PRIVATE

RECORDED AT : STELLENBOSCH

DATE HELD : 12 NOVEMBER 2019

TRANSCRIBER : SUNÉE RAUTENBACH

NUMBER OF AUDIO FILES : 1

NUMBER OF PAGES : 29

REPORT ON RECORDING**DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS**

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

VERRIGTINGE GEHOU OP 12 NOVEMBER 2019

DR SCHREIBER: Verkies hulle Afrikaans of Engels?

KOMMISSARIS: Dit is die persoon wat getuig se voorkeur.

DR SCHREIBER: Okay ek het my notas in Afrikaans gemaak.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Maar ek maar oorspring van dit.

KOMMISSARIS: Ja as jy wil oorskakel na daardie kant,
10 om hulle 'n gelyke kans te gee.

DR SCHREIBER: Inderdaad.

KOMMISSARIS: Broer is ons aan die gang? Goed, Dr. Schreiber net u vol name vir ons gee asseblief.

DR SCHREIBER: My volle name is Leon Amos Schreiber.

KOMMISSARIS: Die process wat ons nou hier volg, hierdie is 'n ondersoek as suks, met ander woorde dit is nit 'n hofsaak, soos jy sien waar mense kom met kruisverhoor en al sulke dinge wat daarmee gepaard gaan nie, so dit is
20 maar 'n kwessie van meer om inligting in te win, waar dit miskien ...[onduidelik] wees. En om daardie rede vereis ek ook nie dat getuies die eed moet neem nie. U is in ieder geval gebonde aan u eie gewete wat dit betref.

DR SCHREIBER: Hmm.

KOMMISSARIS: Die opdrag wat ek het om na te kom,

kragtens die Raad van die Universiteit is dat ek moet ondersoek instel en:

"To conduct an investigation and prepare a written report to council setting out the relevant facts and its conclusions to whether or not the Rector is indeed guilty of serious violation of the law, or any serious misconduct."

So dit is basies wat my opdrag behels. So daar buite het ek geen jurisdiksie nie, die vraag is net in aansien van
10 die Rektor het hy hom deur sy optrede skuldig gemaak aan, enige van daardie wangedrag.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: Nou soos u nou seker bewus is, die optrede of die versoek tot die ondersoek spruit eintlik dan voort uit 'n skywe wat u gerig het aan die, aan Dr. Ronel Retief, die Registrateur van die Universiteit, gedateer die 24 October 2019, so dit is die basiese dokument wat ons het, wat dan die verrigtinge tot gevolg gehad het. Ons het dit goedgedink dat u by ons 'n draai maak, indien u verder 20 sou wou toelig wat dit betref. Ons het nou, uiteraard dit gelees, ons het nou ander dokumentasie wat verband hou tussen wat ek aanvaar u nie persoonlik van bewus is nie, gesprekke tussen die Rektor, Regter Cameron en dies meer. Maar die doel eintlik dus, om u te vra om nou al die pad van die Kaap te kom is vir ons te sê of u wil byvoeg tot

wat ons hier het en u moet asseblief vry voel om enigets wat u voel relevant mag wees te lig. Daar is geen beperking nie.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: Wat dit betref nie.

DR SCHREIBER: So eerstens sal ek net sê baie dankie vir u, ook aan die uitvoerende komitee dat hulle spoedig opgetree het en gereageer het, op my klagte en ek dink die verstaan wat ek het van wat ons vandag hier wil bereik is
10 persies dit. Ek verstaan u mandaat is beperk en dit is ook waarvoor ek gevra het spesifiek om hierdie saak te bekijk vanuit die perspektief van die Universiteit en watter implikasies of skade al dan nie daar mag wees aan die Universiteit as sulks en verwag, of ek het geen verwagting dat julle moet afleidings of bevindings maak oor enige iets buite daardie mandaat nie. Dit is inderdaad hoe ek dit ook verstaan het en dankie vir die uiteensetting daar.

So ek dink miskien kan ek net my, hoe ek in die storie inpas miskien byvoeg tot dit saak.

20 KOMMISSARIS: Ja dit is 'n goeie idee.

DR SCHREIBER: En sê die rede waarop ek dit as 'n baie ernstige kwessie beskou, as iemand wat natuurlik mos nie betrokke was by enige van die hofverrigtinge, of enige van die mense in die storie noodwendig nie.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: So ek het bewus geword van die korrespondensie en ek sal sommer nou reguit sê, wat ek by het, is 'n paar eposse wat ek gekry het, en ek sal nou verduidelik waar ek hulle gekry het. Ek het vir Adv. Jan Heunis gekontak, ek kan nie 'n presiese datum onthou nie, maar dit was kort na die hof uitspraak, net hom vir hom te vra hoe dit gegaan het, ek meen dit was 'n ernstige sensitiewe saak vir Stellenbosch en ek het hom een keer vantevore ontmoet, in sy kapasiteit natuurlik as die

10 President van die Konvokasie, waarvan ek dan nou ook 'n lid is. Ek wat voorheen 'n lid van die Institusionele Forum op Stellenbosch en ek het ook vir vyf jaar hierso gestudeer. So toe ek hom kontak het hy vir my gesê dat hy bekommerd is oor gesprekke wat gevoer is tussen die Rektor en die Regter wat dan op die ou einde die uitspraak geskryf het soos wat ek dit verstaan. Ek vra toe vir hom, okay, dit is ernstige aantygings, maar waarop baseer jy dit, ek meen mens kannie nie net so iets sê nie. En op daardie stadium sou ek nie genoop gevoel het om enigsins betrokke te raak

20 op grond van 'n gesprek soos daardie nie. Maar Adv. Heunis het toe vir my in vertroue die korrespondensie aangestuur het wat hulle ontvang het by die Registrateur na 'n versoek. Ek verstaan daar is 'n hele storie ook oor hoe hulle die korrespondensie wou kry, maar hy het dit toe vir my aangestuur. So dit is op grond van hierdie eposse wat

ek het. Ek kan dit aanstuur vir julle. Ek weet daar was 'n versoek om dit vroeër aan te stuur, maar ek het gevoel die mense van die universiteit en Gelyke Kanse gaan waarskynlik die volle dokumentasie hê.

KOMMISSARIS: Ja ek wou huis, jammer om jou in die rede te val.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: Ons het met ander woorde op hierdie stadium alles wat in besit is van die Universiteit en dit lyk
10 my ook van Heunis hulle sê kant af.

DR SCHREIBER: Ja

KOMMISSARIS: As u verwys na eposse, sou dit daardie eposse wees tussen die Rektor en die Regter.

DR SCHREIBER: Ja die dokument wat ek het, is hierdie een. Dit begin met 'n brief van Gelyke Kanse...

KOMMISSARIS: Oh, ja wat is die datum van daardie ene?

DR SCHREIBER: 27 Augustus.

KOMMISSARIS: Is dit die een wat die aanhangsels A,
20 B, C, D, E aan het?

DR SCHREIBER: Dit is, ek dink dit is hy.

KOMMISSARIS: Alright.

DR SCHREIBER: So dan die korrespondensie begin in ie epos wat ek het, begin daardie gesprekke. Hierso, Dr. Retief stuur dan die korrespondensie op die 16 October,

stuur sy dit aan, an dan begin die gesprekke op die 2 Julie 2019. So dit is wanneer ek verwys na eposse wat ek het, is dit basies die gesprek wat dan per epos begin op die 2 July 2019 en ek aanvaar dat dit die volle korrespondensie is wat die Universiteit beskikbaar gemaak het.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Indien hulle dan ander het, of mense ander gebring het, is natuurlik mos nou buite wat ek bewus was van.

10 KOMMISSARIS: Maar ek lei af en ook my ook gevang, ons het inderdaad dieselfde korrespondensie.

DR SCHREIBER: So Regter Fourie wat vir my geskok het, is toe ek die eposse sien en ek kyk natuurlik na die tydlyn van die hofsaak. Hierdie het alles gebeur voordat die uitspraak gelewer was en 'n mens kan aflei uit die gesprekke dat daar blykbaar ook gesprekke was voordat die saak nog aangehoor is. In die sin vandat mense verskyn het voor die hof. Dit is my verstaan van wat ek hier gesien het.

20 KOMMISSARIS: Ja maar dit was eers Augustus gewees.

DR SCHREIBER: Wat die aan aangehoor is.

KOMMISSARIS: Aangehoor is.

DR SCHREIBER: Dit is reg. So hier het ek een van die 2 Julie waar daar gevra word deur Prof. De Villiers om

kontak te maak met Regter Cameron. Die volgende een wat ek het, is 2 Augustus waar Regter Cameron antwoord en ek dink dit was vir my die heel belangrikste dink ek. Die stukkie wat, die bewyse wat ek het en tot 'n groot mate was my klagte gegrond op hierdie inligting wat die regter self hierso noem. So op die 2 Augustus verwys Regter Cameron sedert, na iets wat hy sê:

"Sedert ons gesprek twee weke terug..."

KOMMISSARIS: Ja.

- 10 DR SCHREIBER: En late in dieselfde epos verwys hy na 'n aangrypende bespreking wat hulle gehad het. My afleiding daar is dat dit dan gesprekke is wat waarskynlik nie per epos sou gebeur het nie. So dit is vir my, op daardie oomblik, wil ek dit aan u stel dat ons reeds te make het met 'n soort onbehoorlikheid hier. Ons hoef nog nie eintlik in my, volgens my mening verder te gaan en ander vrae te vra nie. As mens vir 'n oom blik hier stilstaan, my interpretasie daarvan is dat hier 'n gesprek wat, persoonlik gesprekke tussen 'n respondent in 'n hofsaak en die regter
- 20 wat die saak aanhoor en die uitspraak sou skyf en dat daardie gesprekke plaasgevind het, volgens wat ek hier sien persoonlik sonder die teenwoordigheid van die regspan van die universiteit, of van die applikant, Gelyke Kanse, die ander kant in die saak. Dit is hoe ek hierdie eerste stukkie inligting interpreer. En dit reeds vir my is baie

kommerwekkend. So indien u sou vind dat hierdie gesprekke wel plaasgevind het, is die eerste vraag wat ek sal vra, is dit as sulks nie reeds onbehoorlik nie, dat daar enigsins 'n gesprek soos dit kan wees. En ek het nogal gedink Regter Fourie hoe sou ek en u hierdie gesprek wat ons vandag het benader het, as ek 'n week gelede vir u gekontak het en gesê het, wil u nie die Seremoniële President van die DA raak daar, wat natuurlik my werkgewer is nie en waar ek nou 'n senior posisie beklee nie.

10 Daardie indruk, die persepsie wat dit sou skep in die gedagtes van 'n regter van 'n regbank en dan natuurlik van die publiek sou hierdie inligting dan openbaar word, is reeds vir my ...[tussenbei].

KOMMISSARIS: Kan ek vra, is u 'n regsgelerde?

DR SCHREIBER: Geensins.

KOMMISSARIS: Oh.

DR SCHREIBER: Nee, ek het politieke wetenskap gestudeer, so ons wil graag glo ons weet baie goed oor die reg, maar nee.

20 KOMMISSARIS: Ja maar us sê wat u pla is met ander woorde die persepsie wat geskep word.

DR SCHREIBER: Ja in die eerste instansie sou ek sê.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Voordat 'n mens dieper in die hele saak ingaan, is die vraag wat ek myself afvra en wat ek

graag vra dat u beantwoord. Is dit nie in die eerste instansie verkeerd, onbehoorlik, oneties van 'n respondent in so saak om persoonlike gesprekke te hê met 'n regter nie en dan veral wanneer daardie gesprekke wentel rondom en ek het nogal baie hieroor gedink 'n *credible offer* sou ek dit beskryf as a *credible offer* van 'n *prestige ryke posisie*. Want dit is waarskynlik een ding as ek aan u die aanbod maak om kanselier van Universiteit van Stellenbosch te word of 'n nominasie te aanvaar, want ek is nie *credible*

10 wanneer ek so aanbod maak nie, maar in die geval van die regter en dan nou moontlik ander mense wat ook gesprekke sou kon gehad het, is dit 'n *credible* aanbod. Dit is nie iets wat, enige persoon sal verstaan dat dit steun van die Rektor en hy verwys later, verwys Prof. De Villiers, by beskryf die aanvaarding van hierdie nominasie dan as fantastiese nuus vir hom persoonlik ook. So dit wys vir my dit is a *credible* ding. Dit is nie iets wat sommer uit die lig kom nie. En ek dink as ek my eerste bekommernis moes saamvat sou dit wees, voordat ons in enige dieper gesprek

20 ingaan was dit nie reeds oneties en onbehoorlik om hierdie gesprekke persoonlik, sonder die regspanne te hê en so a *credible* aanbod te maak aan die regter wat die saak aanhoor nie.

KOMMISSARIS: Jammer, om jou in die rede te val.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: Ek wil net seker maak dat ek by die regte epos is.

DR SCHREIBER: Hmm.

KOMMISSARIS: Is dit die een van 2 Augustus 2019?

DR SCHREIBER: Dit is reg.

KOMMISSARIS: 20:00 pm gestuur.

DR SCHREIBER: Ja met die onderwerp kanselierskap.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Ja.

10 KOMMISSARIS: Dit is voor, 4de, "ondersteunend na ons gesprek twee weke terug".

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: "Dit is ongelukkig my ...[onduidelik]."

DR SCHREIBER: Dit is daardie epos.

KOMMISSARIS: So dat daar voorafgaande gesprekke was, was vir u die kernpunt.

DR SCHREIBER: Ja. Ek sou sê dit is die eerste kernpunt.

KOMMISSARIS: Die eerste kernpunt.

20 DR SCHREIBER: Is dit nie reeds onbehoorlik dat daar enigsins so 'n gesprek waar dit duidelik is dat so *credible* aanbod gemaak is nie. Ek sal dit so saamvat.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Maar Regter Fourie ek sal ook wil stilstaan vir 'n oomblik by hierdie epos as sulks. Ek dink

die inhoud van hierdie epos is die tweede ding, wat vir my baie ernstige gevaarligte laat afgaan het, toe ek dit lees. Ek her persoonlik ongelooflike respek vir Regter Cameron en ek dink hy het op sy manier waarvoor hy bekend is eintlik die hele probleem vir ons hier opgesom. Hy het eintlik 'n soort van 'n bevinding gemaak na my mening oor waarom hierdie hele situasie onhoudbaar was. En dan ek haal hom aan waar hy sê:

10 "Sedert daardie gesprek twee weke terug het dit ongelukkig vir my onteenseglik duidelik geword dat enige moontlikheid om die kanselierskap te oorweeg tans prakties nie denkbaar is nie."

Hy gaan dan aan om te sê:

"Ek sit huis omring van die dokumentasie in die saak wat ons volgende week aanhoor..."

Weereens 'n aanduiding dat die hofsaak is nog nie eers aangehoor op hierdie stadium nie:

20 "...en watter kant toe ook sal my posisie in the beregting daarvan hopeloos gekompromitteer word, sou ek die nominasie aanvaar. Eweneens sou my posisie as genomineerde waarskynlik onder gebillikte bevraagtekening kom, terwyl die saak nog hangende is."

En wat ek lees daar, is dat Regter Cameron 'n beginsel probleem het met die aanbod. Hy beskou die hele

gesprek, die nominasie, sy onvermoë om die nominasie te aanvaar uit daardie stadium as iets wat uit beginsel verkeerd sou wees en dan verduidelik hy vir ons waarom dit verkeerd sou wees, omdat dit sy posisie in the beregtiging van die saak hopeloos sal kompromitteer en billike bevraagtekening tot gevolg sou hê en daarom is dit vir hom onteenseglik duidelik. Dit is baie sterk woorde en baie sterk uiteensetting van die onbehoorlikheid wat ek dink in hierdie saak teenwoordig is. Dat hier is 'n beginsel op die spel en die beginsel behoort te wees dat geen hofsaak, geen optrede, veral deur 'n respondent in 'n hofsaak moet die vermoë hê om 'n saak hopeloos te kompromitteer nie. En ek dink dit is wat die optrede van Prof. De Villiers, na my mening well in hierdie saak gedoen het. Net soos wat Regter Cameron in 'n mate voorspel het met hierdie epos.

So ek sou sê my tweede, as my eerste vraag is, is dit nie onbehoorlik om enigsins die gesprek te het nie, sal my tweede vraag dan wees, na gelang van wat Regter Cameron hier noem het dit nie wel nou in die praktyk geskiet nie, dat die regter se optrede het die saak hopeloos gekompromitteer soos wat Regter Cameron hierso basies tot 'n mate voorspel het nou nie, dit is nou nie wat hy bedoel het nie, maar ek dink sy woorde hier is well wat toe later waar geword het. So dit vir my sal waarskynlik die tweede kern vraag in hierdie saak wees. En ek dink hierdie

epos, om in alle eerlikheid, hierdie epos is vir my uiters problematies. Want as ons dan aanbeweeg dan die vraag wat dan ontstaan by my is, hoe is hierdie beginsel vraagstuk, die beginsel probleem wat Regter Cameron het, hoe is dit opgelos. Hoe het dit weggegaan en ek dink later in hierdie korrespondensie wat ek het, is daar 'n epos deur, ek verstaan dit is Adv. John Meiring, ook 'n lid van die Raad, as ek dit nie mis het nie.

KOMMISSARIS: Ja.

10 DR SCHREIBER: Dat hy 'n epos stuur op die 29 Augustus nadat Regter Cameron basies die nominasie van die hand gewys het, vir die redes wat hy uiteengesit het en dan sê Adv. Meiring:

"Please find enclosed a missive from Wim de Villiers."

...wat vir my aandui op verdere gesprekvoering rondom die saak en daardie *missive* is dan die brief wat Gelyke Kanse gestuur het op reaksie op, toe hulle gebus geword van hierdie gesprek in die eerste instansie. En wat
 20 vir my belangrik is, is dat in daardie brief spreek Gelyke Kanse pertinent hulle kommer uit dat dit onvanpas sou wees om 'n sittende regter wat besig is om die saak aan te hoor en te besleg hierdie nominasie sou doen, alhoewel hulle ook, nes ek, dieselfde respek vir regter Cameron uitspreek. So dit gaan nie vir my en ek dink ook nie in daardie geval

het vir Gelyke Kanse gegaan oor die vraag oor of Regter Cameron 'n slegte Kanselier sou wees nie, ek dink nie dit is enigsins ter sake in wat ek, in wat my bekommer hieroor nie. En so hulle spreek dit duidelike, hulle opinie uit, dat hulle dink dit is onvanpas. En vir my, weereens as ons kyk na die belangrikheid die absolute, dit is 'n kern waarde van ons Demokratiese bestel dat niemand die legitimiteit van die regbank enigsins in gedrang moet bring nie. Maar hier het ons 'n applikant wat reeds basis 'n alarm lig vir ons laat afgaan het, 'n rooi liggie wat afgaan wat sê, ons dink dit is onvanpas om hierdie nominasie te maak. En ten spyte daarvan interpreter Prof. De Villiers dit dan in sy woorde as groen lig vir die nominasie proses, soos bespreek. Dit is dan op die 29 Augustus.

Ek dink dit is heeltemal inkorrekk, dit is nie 'n groen lig vir die nominasie proses om voor te gaan nie. Dit bloot 'n brief wat sê die respondent in die saak gaan nie formeel *object in this case* nie. Nou die vraag wat ek aan u wil stel is, het daardie brief die beginsel probleem opgelos wat Regter Cameron in sy aanvanklike epos uitgelig het. Want daar gebruik hy baie sterk taal om te sê dat die saak gekompromitteer sal word, weens 'n beginsel wat in die gedrang kom. Nou het jy een party wat sê ons stem saam met jou dat die beginsel in gedrang kom, maar ons gaan nie formeel in hierdie saak *object* nie, ons wil het die saak moet

afgehandel word. So volgens my en tensy daar ander inligting is en ek gee toe dat daar ander inligting mag wees, maar in terme van wat ek gesoek het, is daar geen, geen manier wat daardie brief die beginselsaak oplos nie en ek wil sovér gaan as om te sê ek dink nie daar is brief wat geskryf kon word deur enige party wat die beginsel probleme wat Regter Cameron in sy epos uitlig sou kon oplos nie. Ek dink dit is eenvoudig 'n verkeerde, hierdie hele proses is verkeerd, dit moes nie gebeur het nie en

10 regter Cameron het in sy epos gesê, waarop dit nie moes gebeur het nie en ten spyte daarvan het dit voortgegaan.

KOMMISSARIS: Dit blyk wel Prof. De Villiers is rekord, soos ek dit ook het, hy in besonder dit inderdaad, die paragraph 3 van daardie brief as 'n groen lig gesien het. Met ander woorde, in sy boek, sy gedagtegang, sê hy dat hy dit as die groen lig gesien het dat daar nou voorgegaan kan word met die proses. Met ander woorde gesê, syne dat dit dan die beginsel probleem oplos, maar ek aanvaar dit is waar u en Prof. De Villiers uiteraard sou verskil van

20 mekaar.

DR SCHREIBER: Ja en ek sou net beklemtoon, dat dit is vir my, dit is nog steeds apart van die vraag of daar enige gesprekvoering oor hierdie, oor aanbod moes gewees het.

KOMMISSARIS: Moes gewees het ...[tussenbei].

DR SCHREIBER: Maar as ons verder, korrek. Maar as

ons vêrder in die saak ingaan, dan is dit soos van die tweede groot vraagstuk wat ek het en ek verskil inderdaad van hom indien hy paragraph 3, ek het dit voor my nou hier, wil sien as die groen lig wat die beginsel probleem oplos. Want ek dink daar is geen redelike mens wat paragraph 3 kan lees, sonder om paragraph 2 ook in ag te neem nie. En ek dink hulle sê dit baie pertinent, die applikante, dat wanneer hulle sê:

10 *"In the final analysis decided against your nomination because we concluded that it would not be appropriate to approach you in that regard in view of the fact that you are a member of the court who is seized of the matter involving Gelyke Kanse on the one hand and the University on the other."*

En ek dink as ek dit sterk wil stel sal ek sê, ek glo eenvoudig nie dat iemand in Prof. De Villiers se posisie, nie die duidelike link tussen paragraph 2 and 3 kon sien nie. Ek dink nie daar was 'n beter manier om die beginsel
20 probleem van die kant van die applikante af uiteen te sit nie en dan lei dit my tot die vraag of Prof. De Villiers doelbewus daardie deel van die brief geïgnoreer het omdat dit sy agenda gepas het. Indien dit nie opsetlik was nie, dan lei dit my tot 'n, miskien 'n net so belangrike vraag oor sy oordeel. Indien hy werklik in goeder trou nie die

beginsel probleem kon sien, ten spyte daarvan dat Regter Cameron hom aanvanklik uiters pertinent verduidelik het, was die beginsel probleem is en dat Gelyke Kanse dit weereens uitlig met 'n sin bo in die een wat hy verkies om op te focus, is vir my 'n growwe, growwe oordeelsfout op die heel minste. En ek sal aanvoer dat dit net so veel 'n aanduiding is daarvan dat hy onbehoorlik opgetree het en dat daar gevolgtrekkings op grond daarvan gemaak behoort te word.

- 10 KOMMISSARIS: As 'n mens nou praat van onbehoorlik optree. Dit is so in ons regspraak, wat vooroordeel betref, is daar inderdaad, ek wil amper sê twee vorme, or twee manier om dit te bewys. Die een is 'n subjektiewe grondslag, dat jy bewys dat die man, sê nou maar in hierdie geval is Cameron dat hy inderdaad daardeur beïnvloed is en dat Prof. De Villiers inderdaad bedoel het dat hy daardeur beïnvloed moes word. Dit is, maar u kan verstaan dat die meeste gevalle 'n moeilike bewyslas ...[tussenbei].

DR SCHREIBER: 'n Hoë standaard.

- 20 KOMMISSARIS: 'n Hoë standaard ja. Die ander halwe is daar 'n tweede grondslag en dit wil my lyk as ek so luister na u, ook kyk na die skrywe en dit is dat daar 'n persepsie van vooroordeel ontstaan in die oog van die normale man op straat. Die redelike man of die redelike vrou op straat, dat gegewe die feite, die afleiding dan

gemaak kan word dat die redelike persoon wat met die redelike feite, or al die feite bekend is, sal tot die gevolgtrekking kom dat daar inderdaad, minstens 'n persepsie is dat hier 'n bevooroordeling is.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: Dit lyk nie asof u ...[tussenbei].

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: ...neig na die tweede nie.

DR SCHREIBER: Ek dink so en ek dink spesifieker dan,
10 sou daardie persepsie by 'n redelik mens kon ontstaan,
indien die rektor nie opgetree het soos wat hy wel opgetree
het nie. En ek stem saam met u, miskien moet ek nou wel
regte gaan studeer na hierdie saak, want dit is baie
interessant, maar dit is, dit is, ek dink u het dit perfek
saamgevat hoe ek daarna kyk. Ek dink nie die bewyslas op
enige iemand in hierdie saak, of in enige saak moontlik is,
is dat hy moet bewys daar was wel iemand wat beïnvloed is
en 'n denke en 'n bevinding wat beïnvloed is nie. Ek dink
dit behoort te wees dat veral in die posisie van iemand wat
20 'n openbare instelling lei, wat 'n prestigeryke amp beklee en
uiters magtevolle possie in daardie instelling beklee, dat
daar verwag word van daardie persoon om nooit iets te
doen wat so persepsie by 'n redelike mens kan laat
ontstaan nie. En ek dink dit is presies wat ek gesien het in
hierdie geval, ek sou graag myself as 'n redelike mens wou

beskou en ek het daardie persepsie raakgesien uit hierdie korrespondensie en ek glo nie, ek glo nie dit is onredelik om hierdie saak te interpreteer op 'n wyse wat sê dat baie mense gaan dit so interpreteer nie. En ek dink weereens as, daar is my eerste vraag oor of die gesprekke moes enigsins plaasvind, maar tweedens, hierdie, volgens my maak dit nog te meer 'n ernstige saak. En ek dink ek moet spesifiek noem dat ons praat oor ons hoogste hof, ons praat oor die Grondwetlike Hof in Suid Africa. En sekerlik is
10 daar, is daar ongelooflike hoë standaard van *conduct* wat verwag word van enige iemand wat met daardie hof te doen het, omdat ons weet sy absolute legitimiteit, onafhanklikheid is iets wat deur almal in Suid-Afrika gekoester behoort te word en ek dink bloot aan die hand van hierdie eposse, is dit eintlik reeds bewys dat Prof. De Villiers nie met die nodige sensitiwiteit, versigtigheid, oordeel en self etiese oordeel in hierdie saak opgetree het nie. Ek sal weer sê, omdat, dit is nou maar hoe ek daaraan dink en u sal my verskoon, die beste vergelyking wat by my
20 opgekom het, is dat as ek u sou kontak, voor hierdie gesprek en sulke tipe goed met u sou bespreek, dit is, onmiddellik kan ek mos voel dit is verkeerd. En dit is wat vir my uiters kommerwekkend sou wees, selfs al kyk ons verby van hierdie vra, hoe kan 'n Rektor, iemand wat nie 'n reg tot daardie posisie het nie, iemand wat die vertroue

moet inboesem van 'n gemeenskap van 'n universiteit, so groewe, groewe oordeelsfout, op die heel minste maak. En die vraag dan behoor te wees, is hy gepas vir die en gesik vir daardie posisie, gegewe indien u daardie gevolgtrekking sou maak. Ek dink dit is my eerlike belang tot hierdie saak. As ek sou mag ...[tussenbei].

KOMMISSARIS: Ja sekerlik.

DR SCHREIBER: Net om te noem, ek dink u het reeds,
ek stem heeltemal saam, dat u in die begin gesê het oor die
10 mandaat en waarna ons kyk, nou ek het natuurlik maar die
media gesprekke dopgehou en u sal oordeel oor die
uitsprake, ons weet die media kan nie noodwendig die volle
konteks altyd gee nie, maar ek wil net noem dat van die
verwere wat ek in die media gelees het, het verwys, een
van hulle het verwys na die stem proses in die raad om die
Kanselier te verkies en ek wil die ook pertinent aan u stel
dat ek dink nie eers dit is noodwendig die vraag nie. Ek
bevraagteken nie die integriteit van die fisiese stembrief
telling om 'n Kanselier aan te wys nie. Vir my gaan dit oor
20 wat voor dit gebeur het om Regter Cameron te kry om die
nominasie te aanvaar nadat hy vir ons die beginsel
probleem uiteengesit het. En ek dink dit is waar die
credibility vraag tog relevant is. Dit is nie 'n alleman wat
die aanbod gebod gemaak het nie, dit was die Rektor van
die Universiteit wat sy steun baie duidelik toegesê het aan

hierdie kandidaat en weereens hy beskryf dit as fantastiese nuus. So dit is swart op wit dan dat dit tog iets is wat moontlik moet wees, hoekom is dit fantastiese nuus indien dit iets is wat nie *credible* of moontlik is nie. So dit gaan vir my oor die nominasie proses. Ek het op geen tydstip en u het die korrespondensie daar 'n vraag gevra oor die stem proses en ek het geen twyfel dat dit ...[tussenbei].

KOMMISSARIS: Dit lyk my almal is ineens dat dit 'n volstrekte meerderheid is.

10 DR SCHREIBER: Ja en ek het geen kennis wat daar geskiet het nie, maar ek aanvaar in goeder trou dat daar nie 'n vraag rondom dit is nie. En ek dink dit is om in 'n mate die punt te mis en ek dink dit is ook daar om in 'n mate 'n afleiding. Dit is nie die saak wat ek oor bekommerd is nie.

KOMMISSARIS: Ja dit is nie waaroer die feite is nie.

DR SCHREIBER: En dan het ek nog iets hierso, ja ek dink dit gaan dan net terug die nota wat ek hier het oor die standaard van die, die selektiewe standaard wat u genoem het, of miskien meet die objektiewe standaard as dit die 20 laer standaard, of 'n redelike persoon dit so sou interpreteer.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Net om te noem ek verwag nie van u, of enige iemand om te bewys wat in Regter Cameron sê, kom aangegaan het terwyl hierdie gesprekke plaasgevind

het nie. Dit is eerder om te vra en ter selfde tyd dink ek ook nie die standaard of die vraag is of daar 'n doelbewuste poging was om belang konflik en 'n *quit pro quo* te skep nie, eerder of daar so op 'n skrynende manier opgetree is, dat 'n redelike mens dit so sou interpreteer.

KOMMISSARIS: Ek dink dit is inderdaad dit vraag.

DR SCHREIBER: Ja.

KOMMISSARIS: En gegewe amper die omstandighede.

DR SCHREIBER: Ja en die *counter factual* vir my is, sou 10 so 'n persepsie bestaan het in die afwesigheid van die optrede waarvan ek reeds bewys is en indien daar meer is, dan sal u dan dal u natuurlik ook daaroor kan besluit. So ek glo in hierdie saak behoort dit inderdaad die standaard te wees. En ek dink dit is min of meer die oortuigings wat ek gehad het. As u enige ander vrae het, sal ek graag reageer.

KOMMISSARIS: Nee, daar is niks vêrder van my kant af nie. Vraag wat die man in die straat mag vra is, toe u nou hierdie klagte lê, was dit uit u eie persoonlike 20 oortuiging, or is uit die hoogte van u politieke konneksie?

DR SCHREIBER: Ek dink dit is relevant, ons het nou net gepraat oor wat 'n redelike persoon sou dink. Maar ek dink op hierdie stadium is my motiverings nie wat ondersoek word nie, ek sal, ek het, het geen probleem as iemand dit wil betwyfel om dit te verdedig nie en ek sal die vraag nou

direk beantwoord. Ek dink of ek dit klagte gelê het en of iemand anders die klagte gelê het ontnem nie hierdie saak van die vraag of daar werklik, of daar regtig iets is om ondersoek te word nie. So my motivering om hierdie klag te lê, spruit in heel eerste instansie, bo enige iets anders uit my noue verband en verhouding met Stellenbosch Universiteit oor 'n lang tydperk. Ek het vir 10 jaar op Stellenbosch gewoon, ek was vir vyf jaar 'n student aan die universiteit en ek het ook die hofsaak oor die taalbeleid as
10 'n uiters sensitiewe en belangrike kwessie beskou. Ek was teleurgesteld in die uitspraak en alhoewel ek weereens wil beklemtoon dat ek geensins dink hierdie gesprek en hierdie ondersoek gaan oor of die uitspraak hierdeur beïnvloed is nie, ek dink nie dit is die vraag nie.

KOMMISSARIS: ...[Onduidelik].

DR SCHREIBER: Korrek. Maar ek was gegrief daardeur dat die Rektor op so 'n disrespekvolle wyse ten minste kon optree in 'n saak wat vir, nie net vir my nie, maar ek dink vir duisende ander lede van die Universiteit Stellenbosch
20 gemeenskap 'n baie belangrike saak was, dat ek dink weereens dit gaan terug na die oordeel, die vrae rondom die oordeel wat 'n mens hier kan sien. Dat ek persoonlik as 'n lid van hierdie gemeenskap het gevoel dit is nie hoe die Rektor van hierdie Universiteit vir wie ek baie lief is, moet optree in 'n saak wat vir soveel mense baie, baie belangrik

is nie. En om eerlik te wees dink ek die optrede gaan die pad voreh toe vir die Universiteit moeiliker maak, omdat mense nou 'n redelike vraag sou kon hê, veral as hier nie hierdie ondersoek is nie. So dit is in die heel eerste instansie my motivering, kom ons kry die feite op die tafel, want ek weet ek was gegrief en ek wil aanneem dat baie ander mense wat ook redelik na die saak sou kyk gegrief sou wees deur die optrede van die Rektor.

Dit is natuurlik so dat ek 'n politieke posisie beklee en
10 daar sal politieke oorwegings wees altyd in hoe 'n mens 'n saak benader, maar ek dink as u sou kyk na daardie uitsprake het ek ook pertinent herhaaldelik gevra vir 'n ondersoek, ook in my politieke kapasiteit. Indien ek dit in 'n mate sou omdraai sou ek sê die party vir wie ek die kiesafdelingshoof is in Stellenbosch, het ook 'n belang as die verkose verteenwoordigende persoon en party van die gemeenskap van Stellenbosch, dat dit juis ook belangrik is dat ons politieke verteenwoordigers bereid is om moeilike kwessies aan te vat en die regte vrae vra te vra, maar
20 natuurlik op 'n manier wat, ons aanvaar dat die ondersoek sy bevindinge gaan maak. Maar ek glo dit is juis die rol van politieke verteenwoordigers wanneer daar gegriefde mense is, of waar redelike mense gegrief sou kon wees oor die optrede van iemand, veral as dit 'n magtige persoon is, dat die politieke verteenwoordiger juis in 'n gesonde

demokrasie ook daardie vraag behoor te vra. S vir my op die ou einde wat daar nie, die twee het mekaar nie weerspreek nie. Maar ek glo, kom ek stel dit so, sal ek geen politieke posisie beklee het nie, so ek nog steeds presies daardie selfde klagte gelê het net weens my verhouding met die Universiteit.

KOMMISSARIS: So op daardie tydstip en ook vandag was u die hoof van die kiesafdeling van Stellenbosch.

DR SCHREIBER: Dit is korrek, op daardie tydstip.

10 KOMMISSARIS: So ek probeer nou net ...[onduidelik], so hierdie kiesafdeling is eintlik deel van u verantwoordelikheid as ek dit nou reg verstaan?

DR SCHREIBER: Reg so, heeltemal reg. En omdat ons nie direkte verkiesings het, geografiese kiesafdelings nie, word daar na elke verkiesing, elke Nasionale verkiesing word daar 'n toedeling gemaak van parlementslede aan spesifieke geografiese ...[tussenbei].

KOMMISSARIS: Oh, is dit hoe dit gebeur.

DR SCHREIBER: Ja.

20 KOMMISSARIS: Oh.

DR SCHREIBER: So dit is, ons kan, ek sal baie graag 'n gesprek wil hê oor ons kiesstelsel.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Ek dink nie dit hou mense regtig altyd verantwoordbaar aan 'n spesifieke gemeenskap nie.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Maar in my party en sovér ek verstaan in all ander partye word daar so toedeling gemaak dat daar tenminste 'n mate van verantwoordbaarheid kan wees.

KOMMISSARIS: Ja.

DR SCHREIBER: Tussen 'n spesifieke verkose lid van die parlement en 'n spesifieke gebied. So in my geval het ek die toedeling gekry van Stellenbosch Munisipaliteit, so dit sluit natuurlik buurdorpe soos Franschhoek ensovoorts 10 in. En ek dink, ek dink dit sou 'n vreemde en dalk ook onregverdige vraag wees, of kom ek stel dit dan nou net 'n bietjie sterker, ek dink dit sou teen die demokrasieë gees indruis, indien ek as verteenwoordiger van hierdie gemeenskap in die National Parlement verdag gemaak word omdat ek so 'n kwessie aanpak. Ek dink dit is presies die rol van ons ...[tussenbei].

KOMMISSARIS: Die teendeel is eintlik waar, dit is u verpligting.

DR SCHREIBER: Absoluut.

20 KOMMISSARIS: Teenoor die gemeenskap, enige iets in the openbare belang te opper.

DR SCHREIBER: Absoluut Regter Fourie en ek sal vir u sê dit is nie die openbare reaksie is nie, was tot dusvér nie altyd gemaklik gewees nie, ek dink daar is baie mense wat waarskynlik nie al hierdie feite het nie. Daar is mense was

seker belang het in seker uitkomste en sekere aspekte van hoe die Universiteit tans funksioneer wat nie hou van wat ek gedoen het. En so net so veel soos wat daar mense dit kan beskryf as 'n soort vorm van optimisme, as hulle dit so wil sien, dink ek is daar net so veel mense wat dit ook sal beskou as iemand wat ten minste bereid is om dit vraag te vra, wanneer daar 'n vraag bestaan. En soos u gesê het ek dink dit is absoluut binne die plig wat ons het as openbare verteenwoordigers om hierdie vrae te vra, ek het nooit gesê

10 wat u moet bevind nie, ek het nooit gesê wat moet gebeur as gevolg hiervan nie, ek het bloot, sterk aangedring dat daar ondersoek moet wees. En dit is hoekom die eerste ding wat ek vir u gesê het, is dat ek dankbaar is dat die uitvoerende raad vinnig gereageer het en wel die ondersoek ingestel het. Ja ek dink dit min of meer verduidelik daardie aspek van my werk ten minste.

(3) KOMMISSARIS: Ja dankie daar is niks vêrder van my kant nie, not iets wat u dalk sou wou opper?

DR SCHREIBER: Ek dink die laaste punt wat ek sou maak is dat ek is onder geen, ek is nie onder die indruk dat ek al die inligting tot my beskikking het nie. Ek kan sien u leer is dikker as myne. En ek dink die vraag, een van die uitdagings wat hierdie ondersoek het, is om vas te stel of daar ander gesprekke was, of daar meer korrespondensie bestaan, of daar persoonlike ontmoetings was. Ek kan

afleidings maak van wat ek hier sien maar ek glo dat dit sal deur wees van die ondersoek om daardie tipe goed vas te stel. Ek weet ook nie tot hoe 'n mate ander lede van die Raad sou gesprekke sou gehad het met die regter, relevant is tot die mandaat nie, maar dit lyk vir my ten minste duidelik dat daar een lid van die raad was, behalwe vir die Rektor wat ook 'n gesprek gehad het met Regter Cameron. En my interpretasie sou wees dat indien daar 'n bevinding is dat die gesprek as sulks, om terug te gaan na my eerste 10 vraag, reeds onvanpas was dan sou geregtigheid moes vereis dat daar gekyk moet word na almal wat in daardie soortgelyke wys onvanpas opgetree het terwyl hulle ook 'n respondent in die saak was, of ten minste deel was van die groter prentjie, maar ek het geen persoonlike inligting, behalwe wat ek hier in die eposse het, het. En ek glo u sal daardie vra aan hulle stel.

KOMMISSARIS: Ja-nee wat u, die inligting wat u ook het, blyk dan nou vir my voldoende te wees ten einde u in staat te stel om ...[onduidelik], in te gaan. Dit is basies 20 soos u dit nou neergesit het. Ek sien u standpunt waar die geskilpunte is.

DR SCHREIBER: Ja ja, so baie dankie vir geleentheid.

KOMMISSARIS: Ja-nee ek waardeur dit. Goed dankie vir u tyd.

DR SCHREIBER: Dit is 'n groot plesier. Dankie, dat u

442

PRIVAAT OPNAME

29

ONDERHOUD

die saak met die erns bender wat dit vereis.

ONDERHOUD EINDIG

()
10

()
20

12.11.2019/SR

/...

443

INVESTIGATION INTO ALLEGED MISCONDUCT

STELLENBOSCH UNIVERSITY

CASE NO: REC01/11/2019

DATE: 2019-11-13

COMMISSIONER: JUDGE BURTON FOURIE

WITNESS: DR RONEL RETIEF



**DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS**

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

1...

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

This is to certify that, **insofar as it is audible**, the foregoing is a true and correct transcript of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

STELLENBOSCH UNIVERSITY PRIVATE

CASE NUMBER : PRIVATE

RECORDED AT : STELLENBOSCH

DATE HELD : 13 NOVEMBER 2019

TRANScribers : MARLESE RADYN

NUMBER OF AUDIO FILES : 1

NUMBER OF PAGES : 44

REPORT ON RECORDING

1. GOOD RECORDING, NO PROBLEMS.



**DIGITAL AUDIO
RECORDING TRANSCRIPTIONS**

Glen Manor Office Park
138 Frikkie de Beer Str
Block 5, Suite 1/G
Menlyn

Tel.: (012) 940 6821
Fax: (012) 348 3542
www.digitalaudio.co.za

INVESTIGATIONUNIVERSITY OF STELLENBOSCHVERRIGTINGE HERVAT OP 13 NOVEMBER 2019

KOMMISSARIS: Goed, Dr Retief, sou u verkieς Afrikaans of Engels?

DR RETIEF: Dit maak glad nie saak nie.

KOMMISSARIS: Tot op hede het almal Afrikaans getuig. Die keuse is die getuie s'n.

10 DR RETIEF: O, ek gee reric nie om nie.

KOMMISSARIS: Ja.

DR RETIEF: Hoe dit ook al sy.

KOMMISSARIS: Ja.

DR RETIEF: Dis reg, ja.

KOMMISSARIS: Ek sien die kronologie wat u vir ons hier het is in Engels, miskien sal dit wys wees om dan let's do it in English this time around.

DR RETIEF: Ja.

COMMISSIONER: Yes.

20 DR RETIEF: And if I may then I'll just use an Afrikaans word if I can't find [indistinct].

COMMISSIONER: Yes, whenever.

DR RETIEF: Yes, ja.

COMMISSIONER: Whenever you feel like it.

DR RETIEF: Yes.

COMMISSIONER: Yes. I take it you know much better than any of the other witnesses as to the purpose of this investigation.

DR RETIEF: Yes.

COMMISSIONER: Just in broad terms it's an investigation as to the conduct of the Rector regarding the nomination of Judge Cameron as chancellor, in broad that's what it's all about.

DR RETIEF: H'm.

COMMISSIONER: And I don't have to take there, but you've seen the complaint of Dr Schreiber.

10 DR RETIEF: I've seen it, yes.

COMMISSIONER: And everything that goes with that and the allegations made in that regard. So I understood also that you would be able to assist us as to the nuts and bolts of the election process?

DR RETIEF: Yes, yes.

COMMISSIONER: Of which I must admit I know very little.

DR RETIEF: Okay.

COMMISSIONER: Apart from what I've seen in the statute. So it would be pretty useful to take us there.

20 DR RETIEF: H'm-'m.

COMMISSIONER: So this being an inquisitive process I do not require witnesses to take the oath, it's not a court case, *dis 'n verkennende gesprek* if I can use that sort of term.

DR RETIEF: Yes.

COMMISSIONER: So on that basis I think the best would be

to hand it over to you.

DR RETIEF: Sure.

COMMISSIONER: And you can take us... Maybe firstly explain your position at the university.

DR RETIEF: Yes, sure.

COMMISSIONER: And take it from there.

DR RETIEF: Yes. So as you know I'm the Registrar, I've been appointed which I think is quite relevant on the 1st of January 2017 which means I've never gone through a chancellor's
10 election before, so I had to do a lot of homework from my side and it was my predecessor also to determine what the process normally entails and you will see some of that in my supporting documents that I've included with my chronology.

So my PA served longer at that point and she also you will see many of the documentation was compiled by her or some of the communication as well in support of my role.

COMMISSIONER: Yes.

DR RETIEF: So h'm...

COMMISSIONER: Doctor, if I may?

20 DR RETIEF: Ja, sure.

COMMISSIONER: If I may just interrupt, forgive me if I do.

DR RETIEF: No.

COMMISSIONER: You have then as we've already mentioned you've provided us with a chronology of events as well as supporting documentation etcetera which I then received. We

have a bundle of documents.

DR RETIEF: Yes.

COMMISSIONER: I think we'll add it to that. Mr Carriem, how do you feel, or shall we make it a separate exhibit?

MR CARRIEM: Yes.

COMMISSIONER: I think maybe yes.

DR RETIEF: Yes because it's not neatly, so it will intersect with the chronology there at points.

COMMISSIONER: Okay.

10 DR RETIEF: And so it might be better if...ja.

COMMISSIONER: Ja.

DR RETIEF: To keep it separately, and this is really h'm...the chronology that I've submitted is really sort of from my subjective engagements.

COMMISSIONER: Yes.

DR RETIEF: Or from what I've personally been involved with and that I'm personally aware of, rather than the interactions that played out after the election itself.

COMMISSIONER: Ja.

20 DR RETIEF: So do you want more on my role or shall I continue with...

COMMISSIONER: Yes, I'll first make this EXHIBIT K.

CHRONOLOGY OF EVENTS AND SUPPORTING
DOCUMENTATION MARKED AS EXHIBIT K

DR RETIEF: Okay.

COMMISSIONER: And yes, then give us some detail on your role and the process.

DR RETIEF: Okay, sure.

COMMISSIONER: If you can intertwine those?

DR RETIEF: Yes.

COMMISSIONER: And then we get...

DR RETIEF: Okay, so basically I'm also a member of Rectorate which is also important to note because some of my inter...or some of the information that I've put in here and that has
10 come to my attention was during Rectorate meetings.

COMMISSIONER: H'm.

DR RETIEF: So I was part of discussions around possible candidates for chancellor in that regard, but then I also would administer or run the process for the election.

COMMISSIONER: If you would just explain the Rectorate to us?

DR RETIEF: The Rectorate is the top management structure of the Institution, we have the Rector as chair and then the COO Professor Stan Du Plessis, myself as the Registrar and
20 then all the vice rectors, deputy vice chancellors as they would be called in other institutions, they are all members of the Rectorate and we would typically meet once in two weeks, sometimes more regularly and it would be our management, our management meeting as opposed to a board meeting where it's about governance, this would be where we discussed...ja, everything

related to the different responsibility centres.

COMMISSIONER: H'm.

DR RETIEF: So it's quite a formal meeting with an agenda and with minutes and what I have referred to in here was also minuted, some of the candidates were discussed as possible candidates in the run-up, the names I've put in my chronology, people that were mentioned as possible candidates at that point.

COMMISSIONER: As far as your position is concerned are you the Registrar full stop?

10 DR RETIEF: Of the Institution.

COMMISSIONER: I remember in the old days it was registrar of this and registrar of that.

DR RETIEF: No, ja.

COMMISSIONER: And academic and this and that.

DR RETIEF: Yes, no, I'm the Registrar full stop.

COMMISSIONER: Yes.

DR RETIEF: So in my portfolio the academic administration of the Institution is managed, so that's everything from the intake of students right up to graduation and then the
20 other part is governance support, governance function support where the secretariat for all the statutory bodies reside and it's in that capacity that I was involved with an Electoral College.

COMMISSIONER: Okay.

DR RETIEF: So I have a small team who provides secretarial services to Council, to senate, to the Executive

Committees of Council and Senate, to directorate, so that is the other division under me and then I also have legal services reporting to me and that consists of contract management, student discipline and legal services sort of [indistinct].

COMMISSIONER: So you've got a busy day.

DR RETIEF: Yes, but fortunately I have very competent people reporting to me, so *ja*, I myself don't have a legal background.

COMMISSIONER: Ja.

10 DR RETIEF: So I'm very happy that I have competent people in that division.

COMMISSIONER: Okay, so you took us to the Rectorate.

DR RETIEF: Yes. So maybe to start if I may with the documents that I provided.

COMMISSIONER: Yes.

